

**Die Lam is die lamp**

**1.       Watter lewe vir die kinders wat vandag gedoop word?**

Drie kindertjies word vanoggend hier by ons gedoop. In watter soort wêreld gaan hulle grootword? Wat is die omstandighede waarmee hierdie drie, wat nou nog so klein is, verder in hulle lewe te doen gaan kry? Soms is 'n mens maar geneig om jou hart vas te hou as jy dink oor die wêreld waarin jou kinders en kleinkinders gaan moet lewe. Sal hulle 'n goeie opvoeding en opleiding kan kry? Watter soort werk – of werke – sal hulle moet doen? Almal van ons is maar al te bewus daarvan dat daar baie mense in die ry staan wat gaan probeer om elke geleentheid wat oopgaan aan te gryp. Jy is een tussen baie. En dan is dit verder nog so dat elke geleentheid ook nie oop is vir almal nie. Sommige mense kan by voorbaat nie eers probeer om 'n geleentheid te benut nie, want hulle “kwalifiseer” nie.

Is die mees realistiese lewensuitkyk in vandag se lewe nie dan maar om te besef dat alles wat belangrik is, ook skaars is nie? En daarom is 'n mens per definisie van die begin af in kompetisie met alle ander mense vir skaars geleenthede. En daarom is dit noodwendig so dat sekeres uitgesluit moet word, sodat die ander genoeg kan hê. “Daar is nie genoeg in ons wêreld nie, so ons moet baklei vir wat daar is.” Die sterkstes hou wat hulle het en sorg dat hulle kinders sterk word, sodat hulle op hulle beurt kan hou wat hulle het. En die wat uitgesluit is? – jammer vir hulle. Is dit die wêreld waarin hierdie kindertjies wat vanoggend gedoop word gaan grootword? Is dit die waardes wat ons aan hulle moet leer? Is dit die wêreld waaronder jy dalk op hierdie stadium swaarkry, broer en suster? Is jy uitgesluit uit die bevoorregte sirkels uit? Jy bly agter en almal gaan maar net aan. Jy sit eenkant in jou swaarkry of jou hartseer. Waar is die blink geleenthede dan nou?

**2.       In die lig van Paasfees word 'n ander wêreld sigbaar**

Kom staan vanoggend saam met Johannes op 'n hoë berg, en sien 'n ander werklikheid raak. In hierdie tyd is ons besig om te dink oor die betekenis van Paasfees wat ons 'n rukkie terug gevier het. En dit is juis in die lig van Paasfees dat ons 'n *ander wêreld* móét raaksien, en in die lig van Paasfees dat ons self anders kán lewe en ons kinders anders kán grootmaak. Johannes sien hierdie ander leefwêreld in die vorm van 'n wonderlike stad. Hoe lyk die stad?

Wat beteken dit vir ons? Daar is soveel simboliek, want dit is mos die manier waarop die boek Openbaring geskryf is, maar kom ons sien net so paar goed raak.

In die eerste plek **is die stad groot**. Twaalf duisend by twaalfduisend by twaalfduisend kilometer! Dis natuurlik nie bedoel om letterlik op te neem nie. Wat hierdie afmetings vir ons wil gee is 'n idee van volheid. Twaalf, simbool van die Here se mense, simbool vir die kerk, maar dan gemaak met 'n duisend. Dit beteken hierdie twaalf word oneindig uitgebrei. Daar is nie einde aan nie. En die volheid word ook uitgebrei in die tyd. Die dag is nie meer beperk nie, want daar is nie meer nag nie. Daar is *nét* dag. En die boom van die lewe wat in die middel van die stad staan dra twaalf keer per jaar vrugte. Met ander woorde dit is 'n lewe van oorvloed. Daar is nie skaarste nie. Dis 'n lewe van volheid – genoeg vir almal.

En daarmee saam is dit ook vir almal bedoel! Kyk mooi: die stad se poorte word nooit gesluit nie. Dit is oop na die ooste die weste die noorde en die suide. Niemand op aarde word uitgesluit omdat hulle nie kwalifiseer nie. Omdat hulle nie die regte velkleur is of taal praat, omdat hulle nie ryk genoeg is om 'n toegangskaartjie te kan bekostig, of die regte konneksies vanuit hulle *Old Boys* klub het nie. Die poorte is oop en almal bring hulle eie uniekheid na die stad toe. Die enigste voorwaarde is dat almal rein moet wees in die bloed van die Lam, of soos dit hier staan, dat jou naam in die boek van die Lam moet staan. In die Ou Testament is 'n lam geslag waardeur mense se verhouding met God reg gemaak is. 'n Gesin het hulle skaaplam of boklam na die heiligdom gebring, die priester het die lam geslag, en dan van die bloed op die mense gespreinkel. Dan was hulle rein gewees. En dit is hoe ons Jesus Christus se lewe en werk moet verstaan. Hy is die Lam wat sy lewe vir ons gegee het tot in die dood toe. Hy is geslag, en sy bloed maak ons rein. Maar die punt is, die bloed van die Lam is vir almal bedoel. Niemand is by voorbaat uitgesluit nie. Die Lam van God is ook die Woord van God. Hy is die Een deur wie God alles gemaak het. Daarom wil Hy hê dat almal, alle mense, wie jy ook al is, gereinig word en deel sal wees van die groot menigte wat jou lewe na die stad van God toe bring.

En dit is uiteindelik die belangrikste: hierdie stad het 'n middelpunt. Dit is God self, en Jesus Christus, die Lam wat geslag is. God self is *in* hierdie stad. God gee die stad (onthou soos 'n pa sy dogter as bruid in die paadjie af lei, so kom die stad Jerusalem op aarde aan.) Omdat God self in die stad is daarom is dit heilig, daarom is die oorvloed daar, daarom skitter die

stad so. Omdat Jesus Christus, die Lam wat geslag is, die lamp is, daarom is daar nie meer donkerte nie. God self is die lewe en die oorfloed en die vrede waaruit almal kan lewe.

### **3. In wie se lig lewe jy?**

Die wêreld wat ons in die lig van Paasfees begin sien is 'n wêreld van oorfloed, van insluiting, van mense wat in gemeenskap met God en gemeenskap met mekaar lewe. Is dit eers vir eendag – iewers “aan die einde van die tyd?” Nee, broers en susters, dit is vir nou! Omdat Jesus Christus God is wat ware mens is, omdat hy 'n volkome *menslike* lewe gelei het, getrou aan God tot in die dood, en omdat Hy opgestaan het uit die dood, is hierdie werklikheid vir ons wêreld hier en nou bedoel. Daar is nie wegkomkans of wanhoopkans in 'n gedagte dat hierdie wêreld eers vir eendag bedoel is nie. Dit is vir nou! Die kerk is nou reeds die bruid van Christus, ons klere is nou reeds gewas in die bloed van die lam. En daarom moet ons nou reeds hierdie lewe van volheid en van insluiting en van gemeenskap lewe. Met poorte wat oop is na die noorde en die suide, die ooste en die weste.

Drie kindertjies is vanoggend gedoop. Dit beteken dat die Here vir hulle welkom sê in die stad van God. As watter soort mense gaan hulle, en al die ander kinders, en onself gevorm word in hierdie stad? Aan watter soort waardes hou ons vas, en wat is die waardes wat ons vir ons kinders aanleer? Is dit dalk die waardes van skaarste, kompetisie en uitsluiting? Onthou: 'n mens is soos wat 'n mens doen. En al sê ons wat vir ons kinders, maar ons doen skaarste, en ons doen kompetisie en ons doen uitsluiting, dan is dit die soort mense wat hulle gevorm word om te wees.

Die volheid is nog nie volkome hier nie, maar die bruid van Christus – die stad van God – is in beginsel klaar hier. Hoe kan ons in hierdie wêreld 'n volheidslewe gaan lewe, nie 'n skaarsheidlewe nie? Hoe kan ons insluitend en samewerkend gaan lewe, nie uitsluitend nie. Hoe kan ons nou reeds in gemeenskap met God lewe en nou reeds as 'n heilige gemeenskap lewe wat ook die diere en die plante en die hele skepping insluit? Dit is waaroor die kerk gaan! Dit is waartoe die Here aan ons sy Gees gee. Dit is waarom die skaduwees en die donkerte en die swaar wat jy dalk nou in jou lewe voel nie ondeurdringbaar is nie. Die Paasfees lig skyn klaar. In die lig van Paasfees is 'n nuwe wêreld die grootste werklikheid. Kom ons gaan leef so. Kom ons maak ons kinders in die eerste plek as inwoners van hierdie stad groot.

AMEN